NG KERK IN OOS-KAAPLAND

VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

PROGRAM EN INSKRYWINGSVORMS

WEEK 1 VAN 2009

AAN: Leraars, NG Kerk in Oos-Kaapland
Skriba, verseker asb dat jou leraar(s) hierdie informasie ontvang.

Vanaf vanjaar word die Sinodale Werkswinkel vervang deur twee VBO-weke (Voortgesette Bedieningsontwikkeling), waarvan **Week 1** aan die begin van Maart 2009 plaasvind.

VBO kom tot stand op grond van die A tot Z-Beleid vir predikante wat tydens die Algemene Sinode van 2007 aanvaar is. Onthou dat VBO ook altyd 'n vorm van evaluering insluit.

Julle het reeds kennis hiervan ontvang, maar ek gee hiermee die volledige detail, asook die inskrywingsvorm.

1. INHOUD : WEEK 1-2009 (3-5 MAART 2009)

Die eerste VBO-week het twee opsies waaruit jy kan kies:

Opsie Een:
MISSIONÊRE GEMEENTES, 'n interaktiewe werkswinkel, aangebied deur prof Jurgens Hendriks van die Universiteit van Stellenbosch.

Tydens ons sinodale vergadering in 2007 was hierdie verreweg die gewildste tema wat aanwesiges gelys het. Ons wil graag prakties-toepasbare bedieningsontwikkeling hieroor aanbied, vandaar dat die keuse op prof Hendriks geval het. Hy gaan 'n interaktiewe werkswinkel lei waarin ons leer om bestaande kennis met nuwe kennis en vaardighede te integreer, sodat ons die rigting van die gemeentelike bediening missionêr kan aanpas.

Die week sal ook van waarde wees vir **lidmaat-leiers** in die gemeente, en hulle is welkom.

VBO-Punte:
VBO sluit evaluering in. Die werkswinkel verdien 30 punte, mits jy na afloop daarvan 'n kort werkstuk inhandig waarin jy beskryf hoe jy jou nuwe kennis en vaardighede in jou bediening gaan benut (ongeveer 1,200 woorde). Ons plaas jou werkstuk op ons webblad, sodat ander ook daaruit voordeel kan trek.

Opsie Twee:
Aanbieding van die INDUKSIEPROGRAM vir nuwe predikante in gemeentes. Dr Roelf Opperman van die Noordelike Sinode (NG Familiekerk Kameeldrift) kom die opleiding aanbied.

Verskeie ringe het reeds leraars geïdentifiseer om hierdie opleiding te deurloop. Veral leraars met 'n fasiliterende leierskapstyl sal van groot waarde vir die ringsgemeentes wees met hierdie opleiding agter die blad.

Die Induksieprogram is daarop gerig om die nuwe leraars en die gemeentelike leierskorps in ‘n betekenisvolle ontmoeting te begelei om mekaar te leer ken en hul verwagtings, benaderingswyses en strategieë te sinkroniseer.

VBO-Punte:
VBO sluit evaluering in. Die werkswinkel verdien 30 punte, mits jy na afloop daarvan ‘n kort inligtingstuk inhandig, gerig aan jou ring, waarin jy die induksieproses bekendstel en ‘n aanbeveling maak hoe julle ring dit kan implementeer, ‘n begroting en logistieke reëlings ingesluit (ongeveer 1,200 woorde). Die inligtingstuk sal op ons webblad geplaas word tot voordeel van ander ringe.

2. PRAKTIESE REËLINGS

2.1 Missionêre Gemeentes

Plek:	NG Kerk Port Elizabeth-De Duin
Adres:	La Rocherylaan, Humewood, Port Elizabeth. Die kerk is oorkant Telkom Park, die ou Boet Erasmus Stadion.
Datum:	Dinsdag, 3 Maart tot Donderdag, 5 Maart 2009
Tyd:	Dinsdag 11:00 tot Donderdag 14:00. (Ons laat die aande oop vanaf 18:30 vir bietjie ontspanning en saamkuier).
Kursusfooi:	R280.00 per persoon.
Etes:	Middagete en aandete word by die kerk genuttig, en is deel van die kursusfooi.
Verblyf:	Jy reël jou eie verblyf (‘n lys van enkele beskikbare gastehuise word aangeheg en jou kerkraad aanvaar verantwoordelikheid vir die koste hiervan).
Reiskoste:	Die reiskoste is ‘n reëling tussen jouself en jou kerkraad. Sommige ringe het aansoek gedoen vir ringsprojekfondse om leraars te subsidieer - kontak jou ringskriba in hierdie verband.

2.2 Induksie

Plek:	NG Kerk Port Elizabeth-Oos
Adres:	Hoek van Walmer Boulevard en Mitchellstraat, Suideinde, Port Elizabeth. Die kerk is regs langs ons voormalige sinodale sentrum.
Datum:	Dinsdag, 3 Maart tot Donderdag, 5 Maart 2009
Tyd:	Dinsdag 11:00 tot Donderdag 14:00. (Ons laat die aande oop vanaf 18:30 vir bietjie ontspanning en saamkuier).
Kursusfooi:	R280.00 per persoon.
Etes:	Middagete en aandete word by die kerk genuttig, en is deel van die kursusfooi.
Verblyf:	Jy reël jou eie verblyf (‘n lys van enkele beskikbare gastehuise word aangeheg en jou kerkraad aanvaar verantwoordelikheid vir die koste hiervan).
Reiskoste:	Die reiskoste is ‘n reëling tussen jouself en jou kerkraad. Sommige ringe het aansoek gedoen vir ringsprojekfondse om leraars te subsidieer - kontak jou ringskriba in hierdie verband.

3. PROGRAM

Die program vir beide kursusse is dieselfde:

3 Maart
11:00 – 11:30 Verwelkoming en opening
11:30 – 13:00 Sessie 1
13:00 – 14:00 Middagete

14:00 – 15:30 Sessie 2
15:30 – 16:15 Koffie / Tee
16:15 – 18:00 Sessie 3
18:00 Aandete

4 Maart
08:30 – 09:30 Dagwyding / Wandel in die Woord
09:30 – 11:00 Sessie 4
11:00 - 11:30 Koffie / Tee
11:30 – 13:00 Sessie 5
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:30 Sessie 6
15:30 – 16:15 Koffie / Tee
16:15 – 18:00 Sessie 7
18:00 Aandete

5 Maart
08:30 – 09:30 Dagwyding / Wandel in die Woord
09:30 – 11:00 Sessie 8
11:00 - 11:30 Koffie / Tee
11:30 – 13:00 Sessie 9
13:00 – 14:00 Middagete

4. REIS EN VERBLYF

VBO-reiskoste is vanaf vanjaar - soos besluit tydens Sinode 2007 - 'n aangeleentheid tussen die kerkraad as werkgewer en die leraar. Die aanbeveling van die sinode is dat die kerkraad die leraar vergoed vir sy/haar reiskoste.

VERBLYF: Aangeheg 'n lys gastehuise. Leraars tref self hul eie verblyfreëlings en kerkrade dra die koste daarvan.

'n Aantal ringe het ringsprojekte geregistreer om behoeftige gemeentes rondom VBO by te staan, ooreenkomstig die wenk wat ons verlede jaar gegee het. Jy kan dus navraag by jou ringskriba doen, indien nodig.

Sien julle!

Danie Mouton
Direkteur Begeleiding

VBO-Week 1

Inskrywingsvorm

Keerdatum: 25 Februarie 2009

Naam en Van: _____

Adres: _____

Tel en Sel: _____

E-pos en Faks: _____

Keuse (merk):

Missionêre Gemeentes	Induksieproses

Betaling ingesluit: _____

Inskrywings:

Rig inskrywings aan:

Die Direkteur Begeleiding
Posbus 34842
NEWTONPARK
6055
Faks: 041 365-3156
E-pos: db@ngkok.co.za

Direkte Bankinbetalings:

ABSA Tjekrekening
Naam: NG Kerk in Oos-Kaapland
Rekening nr: 290 581 192
Takkode: 500-517
Verwysing: ***VBO-Week 1***
Stuur u inbetalingstrokie asb saam met u inskrywing, en **onthou asb die verwysing**